

Ignite (Kinderbediening)



Liewe ouers

Dit is vir ons as leraars en jeug mentors 'n voorreg om julle kind vanjaar by IGNITE te verwelkom.

Hier by NG Montana is ons as gemeente in samewerking met julle as ouers oortuig van ons roeping wat ons in kinders se lewe en geloofsvorming het.

Daarom vra ons:

- ✓ dat ouers en kinders die geloofsvorming by die kerk met dieselfde passie en erns sal opneem as sport, kultuur en akademie.
- ✓ dat ouers en kinders saam eredienste bywoon en soedoende by die huis ook soveel moontlik huisgeloof toepas.

Die jeugprogram vir 2024:

- ✓ Ons maak gebruik van die Jeugfokus produk wat jaarliks nuut geskryf word deur die NG kerk se kategetiese taakspan.
- ✓ WERKSBOEK: Hierdie materiaal is kreatief, prakties en werk deur die hele Bybel. Die werksboek **bly by die kerk/jeugmentor**.
- ✓ HUISGELOOF BOEK: Ons stuur 'n huisgeloof boekie saam huis toe, wat **by die huis bly**. Probeer om gereeld saam as gesin deur die Woord te wandel.
- ✓ Ons gaan 1 keer 'n kwartaal KinderTeater hê wat aangebied word deur professionele akteurs.
- ✓ In 2024 gaan ons oueropleidingsgeleentheid hou waar ons sinvolle ouerskaps gesprekke sal hê.
- ✓ Daar is nog vele meer wat ons beplan, 'n night at the museum oorslaap, fliek- en speletjies aande, ens.

Op 'n Sondag:

- ✓ Ons gaan 'n elektroniese register hou, waar kinders elke Sondag by 'n sentrale registertafel hom-/haarself sal aanmeld.
- ✓ Kinders verdaag na gemeenskapsmoment uit die diens en woon Ignite tussen 9:15-10:00 by.

Inskrywingsondag:

- ✓ Kom skryf jou kind in vir IGNITE (Voorskool 3jr-6jr; Graad 1-6) 8:45-10:00.
- ✓ Betaal R100 registrasies fooi kontant of via EFT. Fooi word gebruik vir die aankoop van lesmateriaal, T-hemde, fliek- en speletjies aande.

"It takes a village to raise a child" – bel ons as ons kan help met enige iets van julle dag tot dag bekommernisse.

Ds. Carli Fourie Leraar 074 137 7971	Annatjie Coetzer Hoofmentor Ignite 072 275 8438	Natasha Cierenberg GR verteenwoordiger 0614666253
---	--	--